

God gebruik gebed om sy doel met Sy kerk te bereik

Die doel van die kerk is
**die ver-HEER-liking van God, deur
die OPBOU (geestelike groei) van die gemeente, en
die UITBOU van die gemeente (evangelisasie en sending).**

1. Lees Hand. 2:40-42, 46-47 en bespreek/antwoord die volgende vrae:

Wat het hulle geestelik laat groei (opgebou)?

Wat het hulle in getalle laat toeneem (uitgebou)?

2. Lees Hand. 4:27-31 en bespreek/antwoord die volgende vrae:

Watter krisis het die gemeente beleef? (Vers 18.)

Hoe het hulle die krisis hanteer? (Vers 23-24.)

Was die krisis oor die opbou of die uitbou van die gemeente?

Wie is in beheer, self in krisistye? (Vers 28.) _____

Waarvoor het hulle gebid? (Vers 29-30.)

Wat was die gevolg van sulke gebede? (Vers 31.)

_____ (opbou)

_____ (uitbou)

Wat is die verband tussen die opbou en uitbou in vers 31?

3. God gebruik gebed om sy doel met Sy kerk te bereik. Hoekom bid ons dan so min?

BESPREEK as Omgeegroep: Wat dink julle is die redes dat ons so min bid?

4. BID saam as groep vir die werksaamhede, opbou en uitbou van Rietfontein-Suid gemeente.



Dr. Andrew Murray het eenkeer gesê:
Ons kán tyd maak vir gebed. Ons doen dit dan vir ons vriende.

"Die tyd wat ons aan gebed bestee is nie gemorste tyd nie. Dit is tyd wat teen die hoogste rentekoers belê word, en wat die hoogste dividende sal oplewer." (R.A. Torrey)

'n Biddelose gemeente is 'n kragteloze gemeente, want "sonder God kan ons nie, maar sonder ons wil God nie." (Augustinus)

"As ons werk, is dit net mensewerk, maar as ons bid, werk God, en as God werk, wie kan dit keer?"
(Hans von Staden)

Bostaande is uittreksels uit "Praktiese gebed: 'n Praktiese groepkursus oor doeltreffende gebed" soos saamgestel deur ds. Attie van Wijk